Sondag 14 Junie 2020

Ons herinner mekaar gedurende hierdie tyd dat ons na binne moet gaan in onsself, en baie mense noem dat hulle baie met hulle self besig is. Dit kan inderdaad ‘n baie goeie ding wees, maar dis ook gevaarlik. Dit kan ‘n tyd wees waar ons te op onsself ingestel is en ons eie selfbehoud.

Lees Markus 7: 1-8

Die eerste eeuse Jode het ‘n ongesonde fokus geplaas op 3 gedeeltes in die wet sonder dat die rabbi’s dit so gespreek het. Die 3 areas was eetpraktyke (handewas en wat hulle mag eet), sabbatsheiliging asook die besnydenis. Die rede was dat hierdie 3 aspekte identiteitsmerkers was vir die Jode of grense in terme van wie hulle was. Hierdie is ‘n tyd waar ons in terme van Christenskap baie kan fokus op wat ons afgrens, beter maak of hoe ons wetties moet optree in plaas daarvan dat ons onthou om ook nog na buite te dink. Ook as gemeente is dit ‘n uitdaging om nie net aan onsself en ons eie behoud te dink nie maar steeds na buite.

Egte Christenskap word uitgeken deur besnyde harte, en ‘n dieet van geregtigheid en liefde – John Ortberg.

‘n paar vrae:

1.Waar is jy in hierdie tyd te behep met jou eie selfbehoud en wie jy is en bespreek hoe die huidige situasie in die land dit laat gebeur?

2.Watter effek dink jy het die huidige behoefte by mense om hulself (identiteit) af te grens en te oorleef op die huidige opvlamming van rassisme in die wêreld?

3.Dink aan een manier wat jy gedurende hierdie tyd jouself kan herinner en uitdaag om steeds na buite te dink terwyl jy na binne gekeer is.

Wees Anders...
...Want Jesus is Anders...

SUIDER-PAARL GEMEENTE